higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 2

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Onwaar
1.1.2 Waar
1.1.3 Waar
1.1.4 Onwaar
1.1.5 Onwaar
1.1.6 Onwaar
1.1.7 Waar
1.1.8 Onwaar
1.1.9 Waar
1.1.10 Waar

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1
- Voorkoming:✓ intervensies, sifting, selftoetsing✓
- Rehabilitasie: ✓ opvolgsorg ✓ bykomende ondersteuning (bv maatskaplike toelaes) ✓
- Palliasie: ✓ om terminale pasiënte te versorg✓ (3 × 2) (6)

1.2.2
- Dokter
- Maatskaplike werker
- Professionele verpleegster

(Enige toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

1.2.3
- MIV is ’n toestand wat die immuunstelsel verswak.
- TB is ’n toestand wat deur bakterieë veroorsaak word wat deur die lug versprei word en mense aanval wanneer hul immuunstelsels swak is.
- Mense met MIV is derhalwe vatbaar vir die siekte TB.

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 1) (3)

1.2.4
- Universeel
- TB en MIV is aansteeklike siektes wat ’n hele samelewing kan infekteer.
- Hierdie tipe voorkoming is effektief omdat dit op almal in ’n samelewing gerig is. (Enige toepaslike antwoorde 3 × 1) (3)

1.2.5
- Lae klas OF werkersklas
- Arm mense volg dikwels ’n dieet wat ’n gebrek aan voedingstowwe het wat die immuunstelsel kompromitteer en hul risiko verhoog.
- Arm mense woon in ontoereikende informele woonplekke met swak ventilasie, wat hul kanse verhoog om TB op te doen.
- Arm mense het nie toegang tot skoon drinkwater en sanitasie nie. Dit kan hul immuunstelsel afbreek en hul kanse verhoog om TB op te doen.

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

1.2.6
- Indien mense vroeg op simptome reageer, kan hulle vroeg getoets word.
- Indien hulle positief toets, kan hulle behandel word om komplikasies ✓ en dood te voorkom.✓
- Hulle kan vir 'n tydperk in kwarantyn deurbring om die verspreiding van COVID-19 na ander mense te voorkom. ✓
- Om medikasie te neem volgens die voorgeskrewe skedule
- Om die COVID-entstof te neem voordat jy geïnfekteer raak

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 2

2.1

2.1.1	B
2.1.2	C
2.1.3	A
2.1.4	D
2.1.5	C
2.1.6	C
2.1.7	D
2.1.8	A
2.1.9	B
2.1.10	B

(10 × 1) (10)

2.2
- Om identiteitsdokumentasie en bewys van verblyf te versoek voordat behandeling gegee word
- Om behandeling aan pasiënte sonder dokumentasie of met verstrykte dokumentasie te weier
- Om te weier om met pasiënte te kommunikeer in 'n taal wat hulle verstaan
- Om xenofobiese stellings te maak en pasiënte verbaal te mishandel omdat hulle buitelanders is
- Om SA pasiënte bo buitelandse pasiënte te prioritiseer, ongeag mediese behoefte of standaardvolgorde van behandeling
- Om 'n buitelandse pasiënt na 'n NRO of private mediese sorg te stuur

(Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

2.3
- Fisieke tyd✓ 9h00✓ of 30 September 2021✓
- Sosiologiese tyd/organisatoriese tyd ✓ kollege se rooster✓ mag slegs ná een uur loop✓
- Sielkundige tyd✓ 'n halfuur voel soos ure ✓
- Biologiese tyd ✓ boom met pienk bloeisels ✓ (Enige 4 × 2) (8)

2.4
- Beginsel 1: plaaslike gesondheid- en institusionele ontleding✓
- Wetenskaplike inligting
- Om opnames te doen ✓ of vrae aan mense te stel ✓ om die volgende vas te stel:
  - ouderdomsprofiel van die gemeenskap
  - die ouderdomsverwante toestande wat bekend is of teenwoordig kan wees ✓
  - die aantal mense✓ wat kwesbaar vir ouderdomsverwante toestande is
  - ouderdomsverwante gesondheidsprioriteite ✓
  - intervensies of handelinge ✓ om mense met ouderdomsverwante toestande by te staan, soos om medikasie te gee, gesondheidspromosies te doen, ens.
- Mense en organisasies in omskrewe plaaslike plekke ✓
- Bepaal die aktiewe organisasies ✓ in die gemeenskap, soos 'n daghospitaal, waar mense gesif, gediagnoseer en vir ouderdomsverwante siektes behandel kan word. ✓
- Bepaal of daar NRO's is ✓ wat mense met ouderdomsverwante siektes ondersteun, soos chroniese klubs waar bejaardes met mekaar kan sosialiseer (Enige toepaslike antwoorde 7 × 1) (7)

[30]

VRAAG 3

3.1.1 I
3.1.2 G
3.1.3 A
3.1.4 K
3.1.5 L
3.1.6 E
3.1.7 B
3.1.8 H
3.1.9 J
3.1.10 C

(10 × 1) (10)

3.2 3.2.1 Fisiek. Hy het nie arms nie. (1)

3.2.2
- Hy ervaar aktiwiteitsbeperking.
- Hy is nie in staat om sy daaglikse take uit te voer nie ✓ omdat hy nie arms het nie.✓ Hy kan homself dus nie aantrek nie, self eet of sekere take verrig nie, ens. (Enige toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

3.2.3
- Ja ✓
- Omdat hy nie arms het nie, is hy beperk tot daardie situasies waarby hy betrokke kan raak. ✓

OF

- NEE✓
- Hy is in staat om aan Paralimpiese atletiek (naellope en (2)

hoogspring) deel te neem✓ en ’n inkomste as ’n prokureur te verdien. ✓ (Enige toepaslike antwoorde 2 × 1)

3.2.4
- Sy ouers
- Fisioterapeute
- Organisasie Children of Fire
(Enige 2 × 1) (2)

3.2.5
- Geld
- Opleiding (Regsgraad)
- Atletiekvaardighede
(Enige 2 × 1) (2)

3.2.6
- Hy het ’n werk.
- Hy is in staat om vir homself te sorg.
(Enige toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

3.3

RAS	OORSPRONG	ETNISITEIT
• Ras is ’n groepering van mense op grond van onderskeidende fisieke en biologiese eienskappe ✓ soos haartekstuur, vel- en oogkleur, gelaatstrekke, liggaamsbou, ens. ✓ • Dit is ’n biologiese kategorie.✓ • Sommige rassegroepe is lank, sommige is kort en party het reguit hare, terwyl andere krullerige hare het, ens. ✓ • Om swart, wit, gekleurd, Indies, ens. te wees. • Dit behels denke oor ras. ✓	• Verwys na afkoms, ✓ met ander woorde herkoms/afkoms/oorsprong/ouerskap✓ of familie, voorgeslag of verwantskap (bloedverwantskap) ✓ asook kulturele praktyke soos taal, oortuigings, dieet en godsdiens✓ • Geografiese plek, waar jy gebore is✓ • Nasionaliteit. Dit is jou burgerskap, ✓ bv Suid-Afrikaner, Zimbabwiër, Somaliër, ens. ✓	• Etnisiteit is ’n sosiale groep wat ’n kultuur ✓ of lewenswyse deel; ✓ groepering van mense in kategorieë ✓ • Dit word weerspieël in taal, godsdiens, kleredrag, kos, musiek, kuns. ✓ • Gewoonlik oorgeërf. ✓ • Kan aangeleer word. ✓ • ’n Persoon kan kies om hul etnisiteit te verander. ✓ • Iemand kan wit wees (ras), maar hul etnisiteit is Italiaans of Iers. ✓

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 3) (9)
[30]

VRAAG 4

4.1
- Familie is daarvoor verantwoordelik om babas voort te bring. ✓
- Daar word van ouers verwag om te onderrig, dissiplineer/hoe om op te tree, en vir hul kinders te sorg.
- Daar word van kinders verwag om hul samewerking te gee en hul ouers te respekteer.
- Voorsiening van fisiese hulpbronne (bv kos, klere en skuiling), besluitneming en gesinsbestuur.
- Voorsiening van emosionele ondersteuning en aanmoediging aan gesinslede.
- Finansiële ondersteuning, voorsiening in basiese behoeftes soos 'n opvoeding.
- Beskerming en welstand, veral vir kinders, om na siekes, bejaardes en hulpbehoewendes om te sien (hulpbehoewend verwys na uiters arm mense wat nie oor die middele beskik om in hul eie behoeftes te voorsien nie). ✓
- Maatskaplike identiteit; onderrig kinders met betrekking tot norme, waardes en oortuigings ✓

(Enige toepaslike antwoorde 8 × 1) (8)

4.2 4.2.1 Drie (1)

4.2.2 Poliandrie (1)

4.2.3 Matriliniêre afkoms (1)

4.2.4
- bejaard (60, 62)
- middeljarig (57)
- Jong volwassene (35, 32)
- adolessent (18, 16)
- Baba (1)

(Enige 4 × 1) (4)

4.2.5
- Die 16-jarige het haar reg op formele onderrig op ouderdom van 15 verloor. Sy kan self besluit of sy wil skoolgaan tot matriek ✓ of by 'n hoëronderwys-instelling (bv 'n kollege) wil inskryf.✓
- Vanaf die ouderdom van 15 het sy die reg om voltyds te werk.
- Sy word deur die Grondwet vir nog 'n jaar beskerm (tot 18 jaar).✓
- Artikel 28 van die Handves van Regte ✓ bepaal dat sy nie gedwing kan word om te werk nie, ✓ maar as sy verkies om te werk, moet sy beskerm word teen werk wat gevaar inhou of skadelik is. ✓ Tussen 15 en 18 jaar kan sy ouderdomstoepaslike werk verrig, maar sy mag nie gevaarlike werk verrig of werk wat haar lewe in gevaar stel nie.
- Hierdie beskerming word vervat in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes,✓ wat dit onwettig maak vir kinders onder 15 om te werk, behalwe in die uitvoerende kunste, en dan slegs met toestemming. ✓

(Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

4.3

GESONDHEIDSTOESTANDE WAT OUER VROUE RAAK	GESONDHEIDSTOESTANDE WAT NIE MET OUDERDOM VERBAND HOU NIE
• verhoogde gesondheidsrisiko's tydens swangerskap, ná 35 en veral ná 45 • diabetes ✓ • hartsiekte ✓ • verskeie soorte kanker✓ • artritis✓ • osteoporose✓ • menopouse (amenorree, swaar of ongereelde menstruasie)	• beserings weens padongelukke ✓ • wanvoeding • parasitiese infeksie • sommige respiratoriese versteurings ✓ • Aansteeklike siektes soos griep, ✓ TB, ✓ MIV, ✓ corona-infeksie, ✓ SOI's ✓

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

4.4
- Toegang tot gesondheidsorg
- Bekostigbare gesondheidsorg
- Geskikte gesondheidsorg
- Toepaslike gesondheidsorg (4)

[30]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 kleuter
5.1.2 Relatiewe
5.1.3 Struikelblokke
5.1.4 Afrika-
5.1.5 gender

(5 × 1) (5)

5.2
- Swangerskap is nie beplan nie.
- Voel nie gereed of in staat om 'n kind groot te maak nie
- Eie gesondheid is swak; fisieke of geestelike toestande wat die vrou se gesondheid in gevaar stel as die swangerskap voortgaan
- Daar is risiko's vir die baba; om die geboorte van 'n kind met geboortedefekte of ernstige mediese probleme te voorkom.
- Gesin is volledig; wil nie nog kinders hê nie.
- Voorbehoeding het misluk, wat tot onbeplande swangerskap gelei het.
- Onvermoë om 'n kind te ondersteun of te versorg.
- Swangerskap is die gevolg van verkragting of bloedskande. (Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

5.3
- Op primêre vlak is verpleegsters ✓ die eerste kontakpunt vir mense in die lae- en middelinkomste-huishoudings.
- Dokters (en soms spesialiste) ✓ is die eerste kontakpunt vir mense in die hoërinkomste-huishoudings.
- Sosiale klas word ook met deurlopendheid van sorg geassosieer. ✓
  Mense in die openbare sektor gaan waarskynlik nie dieselfde gesondheidsorgwerker by hul opvolgafsprake sien nie. ✓
  In die private sektor sien mense uit hoër inkomstegroepe dieselfde dokter of spesialis.
- Sosiale klas word ook geassosieer met hoe dikwels mense toegang tot gesondheidsorg verkry.
  Mense in die laer klas sal huiwer om gesondheidsorg op te soek as vervoerkoste ✓ betrokke is of as hulle 'n algemene praktisyn self moet betaal; dan verkies hulle om gesondheidsprobleme te ignoreer of dit as minder dringend te beskou. ✓
- Sosiale klas word geassosieer met die gehalte van gesondheidsorg wat mense ontvang. ✓
- Baie mense voel dat daar 'n verskil is in vriendelikheid van diens ✓ tussen openbare en private gesondheidsorgverskaffers.
- Daar word ook geglo dat die gehalte van sorg ✓ beter is in die private sektor omdat hoogtegnologiese toerusting en hulpbronne gebruik word ✓ teenoor 'n gebrek aan toerusting en hulpbronne ✓ in die openbare sektor.

(Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

5.4
- FIGUUR 1 – sensoriese gebrek/blindheid
- FIGUUR 2 – sensoriese/gehoorgebrek
- FIGUUR 3 – fisiek
- FIGUUR 4 – geestelik (4)

5.5
- Verkragting
- MIV/VIGS en ander SOI's ✓
- Ongewenste swangerskappe✓
- Fisieke beserings ✓
- Geestesongesteldheid soos depressie, angs, posttraumatiese stresversteuring, selfmoord ✓ stres✓
- Verhoogde risiko van kardiovaskulêre siekte ✓
- Dood✓ (Enige toepaslike 4 × 1) (4)

5.6
- Praktyk met wetenskap ✓
- Wetenskaplik ingelig
- Gesondheidsorgberoepslui studeer aan ’n universiteit vir 4 jaar (minimum) om ’n professionele kwalifikasie te verwerf.
- Hulle leer oor TB (wat dit is, hoe dit versprei en die bestuur daarvan)
- Hulle het dus kennis en vaardighede om mense te hanteer wat TB het.
- Beroepslui behoort ook tot ’n professionele raad teenoor wie hulle aanspreeklik is; hulle moet dus aanspreeklikheid aanvaar vir enige wandade; hulle moet etiese praktyk nakom.✓
- Interdissiplinêr en multiprofessioneel.
- Beroepslui uit verskillende dissiplines werk saam, byvoorbeeld
- Professionele verpleegkundige verskaf gesondheidsorg soos TB-toetsing en TB-behandeling.
- ’n Dokter ondersoek TB-pasiënte, versoek toetse en skryf medisyne voor.
- ’n Sielkundige bied psigoterapie om geestesgesondheid en welstand te verbeter.
- ’n Radiografis neem X-strale van liggaamsdele van die liggaam wat met TB geïnfekteer is.
- ’n Fisioterapeut gee oefeninge om longfunksie te herstel.

(Enige toepaslike antwoorde 7 × 1) (7)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou